LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

# TOELATINGSBELEID

# INHOUDSOPGAWE


1. Titel van die beleid
2. Effektiewe datum
3. Hersienings geskiedenis
4. Aanhef
5. Definisies en afkortings
6. Toepassing en omvang van die beleid
7. Regsraamwerk
8. Doel en oogmerke van die beleid
9. Algemene beginsels vir toelating
10. Administrasie proses van toelating
11. Beoordeling van aansoeke volgens voorkeurorde
12. Voedersone van die skool
13. Leerders wat herhaal
14. Ongedokumenteerde leerders
15. Kapasiteit van die skool
16. Reg van appél
17. Goedkeuring van die beleid

LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

# 1. TITEL VAN DIE BELEID: TOELATINGSBELEID

## 2. EFFEKTIEWE DATUM: 2016

## 3. HERSIENINGS GESKIEDENIS

| | |
|---|---|
| **GEWYSIGING** | **1 JUNIE 2021** |
| | **1 JULIE 2024** |
| | **1 MEI 2026** |
| **DATUM VAN VOLGENDE WYSIGING** | |
| **1 JULIE 2027** | |

## 4. AANHEF

4.1 Die Beheerliggaam van die skool het hierdie toelatingsbeleid bepaal in ooreenstemming met artikel 5(5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 (soos gewysig), wat die Beheerliggaam die bevoegdheid gee om die toelatingsbeleid van die skool te bepaal onderhewig aan die Grondwet en relevante wetgewing. Die beleid is belyn met nasionale en provinsiale wetgewing in ooreenstemming met die regsraamwerk wat in paragraaf 7 hieronder aangedui word.

4.2 Hierdie toelatingsbeleid bevestig die skool se verbintenis tot toegang van leerders tot gehalte onderrig sonder vrees vir onbillike diskriminasie op enige gronde. Enige leerder wat vir toelating tot enige graad in die skool aansoek doen, sal onderhewig wees aan 'n billike en regverdige toelatingsproses wat met alle toepaslike nasionale en provinsiale wetgewing en hierdie beleid belyn is.

4.3 Ingevolge artikel 5(5) van die Skolewet het die Beheerliggaam die volgende rasionele faktore in ag geneem, wat insluit maar nie beperk is tot die volgende omstandighede van die skool nie:

4.3.1 Die beste belange van kinders wat aansoek doen asook die beste belange van kinders wat reeds onderrig in die skool ontvang;

4.3.2 Die onderwys behoeftes in die algemeen van leerders in die omliggende gemeenskap, van die distrik waarin die skool geleë is insluitende taalbehoeftes;

4.3.3 Die bevorderring van hoë gehalte onderrig en opvoeding by die skool;

4.3.4 Die voorkoming van enige onbillike diskriminasie ingevolge artikel 9 van die Grondwet;

4.3.5 Die bevordering van moedertaal onderrig vir leerders by die skool;

4.3.6 Die beskikbaarheid van ander skole in die gemeenskap wat toeganklik is vir leerders wat 'n keuse uitoefen tot moedertaal onderrig;

4.3.7 Die beskikbare bronne van die skool en die effektiewe benutting van bronne van die skool;

4.3.8 Die vermoë (kapasiteit) van die skool soos bepaal deur die Beheerliggaam;

4.3.9 Die beskikbare bronne en infrastruktuur van die skool.

4.3.10 Die beskikbare fisiese spasie by die skool.

## 5. DEFINISIES EN AFKORTINGS

5.1 Definisies

| TERM | DEFINISIE |
|---|---|
| Aansoektydperk | Die tydperk vanaf die eerste dag waarop ouers aansoek kan vir leerders se toelating tot die skool vir die volgende skooljaar soos bepaal deur die Gautengse Departement van Onderwys, tot die laaste dag waarop aansoeke sluit. |
| Departementshoof of HOD | Die hoof van die Gautengse Departement van Onderwys na verwys as die HOD. |
| Die skool | Verwys na Laerskool Anton van Wouw 'n openbare skool soos bepaal in die Skolewet. |
| Distriksdirekteur | Die beampte van die departement aan wie die administrasie van onderwys in 'n bepaalde distrik deur die HOD gedelegeer is. |
| Hoof | Die hoof van Laerskool Anton van Wouw of die persoon wat in hierdie hoedanigheid waarneem. |
| Leerder | Enige persoon wat onderrig ontvang of verplig is om dit te ontvang in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 |

| TERM | DEFINISIE |
|---|---|
| | van 1996 en geregistreer is om onderrig te ontvang by die skool of aansoek doen tot toelating. |
| Ouer | a) Die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder;<br>b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of<br>c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom. |
| Sibbe | 'n Leerder wat aan die volgende vereistes voldoen:<br>a) hy/sy is ingeskryf by die skool in die jaar waarin die aansoeker leerder aansoek om toelating doen;<br>b) hy/sy woon in dieselfde huishouding as die aansoekerleerder; en<br>c) hy/sy het ten minste een ouer wat ook die ouer van die aansoekerleerder is. |
| Beheerliggaam of SBL | Die beheerliggaam van die skool verantwoordelik vir die beheer van die skool soos voorsien in artikel 16(1) van die Suid – Afrikaanse Skolewet, no. 84 van 1996. |
| Toelatingsregister | Die vereiste amptelike register van alle leerders wat by die skool ingeskryf is. |
| Toelatingstydperk | Die tydperk vanaf die aanvangsdatum tot die einddatum vir toelating, soos deur die HOD vasgestel. |
| Vertroulike verslag | 'n Verslag wat die inligting oor die finansiële status of werksbesonderhede van 'n ouer vervat, of inligting oor die gesondheid, wangedrag of optrede van 'n leerder. |
| Voedersone | Die gebied waaruit die skool sy jaarlikse kern inname van leerders aanvaar en welke voedersone deur die HOD ingevolge regulasie in oorleg met die Beheerliggaam bepaal is en verder hierin na verwys word. |

5.2 Afkortings

| AFKORTINGS | VERDUIDELIKING |
|---|---|
| **HOD** | Hoof van die Onderwysdepartement |
| **GDO** | Gautengse Departement van Onderwys |
| **LUR** | Lid van die Uitvoerende Komitee |
| **SKOLEWET** | Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 |
| **SBL** | Beheerliggaam van die skool. |

## 6. TOEPASSING EN OMVANG DIE BELEID

Dié beleid is van toepassing op leerders, ouers van leerders by die skool, onderwysers, ondersteuningspersoneel, die skoolbestuur en nuwe leerders wat aansoek doen vir toelating tot die skool.

## 7. REGSRAAMWERK

7.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

7.2 Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (wet no. 84 van 1996), soos gewysig.

7.3 Wet op Skole Onderwys, Gauteng, No 6 van 1995.

*7.4 Regulations relating to the admission of learners to public schools (Gauteng) Gn 4138 of 13 July 2001 as amended by Provincial Gazette No. 268 of 2019.* ("Gautengse Toelatingsregulasies")

7.5 Nasionale Toelatingsbeleid vir Openbare Skole (SK 19377 dd 19 Oktober 1998) gepubliseer ingevolge die National Education Policy Act, 1996.

7.6 Die Nasionale Norme en Standaarde vir Taalbeleid, Algemene Kennisgewing 1701 van 1997, soos gewysig (*The Norms and Standards for Language Policy in Public schools*).

7.7 *Regulations relating to Minimum Uniform Norms and Standards for Public School Infrastructure*, 2023 (GG 50876 of 27 June 2024).

7.8 Die Riglyne van die Minister van Basiese Onderwys vir doeleindes van die implementering van die 2024 wysigings tot die Suid-Afrikaanse Skolewet gepubliseer op 12 Junie 2025.

7.9 Die hofbevel van die Gautengse Afdeling (Pretoria) van die Hooggeregshof van Suid -Afrika in saaknommer 2020 -0573566 in die saak van *SAOU v Minister van Basiese Onderwys en Andere* van 10 Oktober 2023 welke hofbevel van krag is hangende die finalisering van die regulasies vir die minimum norme en standaarde vir die bepaling van kapasiteit van openbare skole deur die Minister van Basiese Onderwys.

## 8. DOEL EN OOGMERKE VAN DIE BELEID

### 8.1. Doel

Die doel van hierdie toelatingsbeleid is om toelatings tot die skool op regverdige en billike wyse te orden en te fasiliteer met inagneming van die regte soos vervat Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en in ooreenstemming met hierdie beleid, en met inagneming van die regsraamwerk soos uiteengesit in paragraaf 7 hierbo.

### 8.2 Oogmerke

Die oogmerke van die beleid is om:

a) algemene beginsels neer te lê waarvolgens leerders tot die skool toegelaat mag word;
b) voor te skryf hoe toelatings deur die skool geadministreer sal word;
c) die toelatingsouderdom van leerders en verpligte skoolbywoning duidelik, ooreenkomstig die Skolewet, te identifiseer;
d) vir die toelating van leerders voorsiening te maak binne en buite die voedersone, met inagneming van die skool se kapasiteit en taalbeleid;

e) die administratiewe proses vir die registrasie van nuwe leerders te beskryf, asook voorsiening te maak vir die herregistrasie van leerders wat reeds in die skool is, insluitend leerders wat herhaal en laat registrasies;

f) vereiste dokumentasie te identifiseer wat vir toelating vereis word;

g) verduidelik hoe die kapasiteit van die skool bepaal word asook vasstelling van die kapasiteit van die skool om leerders te kan akkommodeer en van gehalte onderrig te kan voorsien.

## 9. ALGEMENE BEGINSELS VIR TOELATING

Die skool sal toelatings administreer in ooreenstemming met die volgende beginsels:

9.1 'n Leerder word toegelaat tot die totale skoolprogram wat die skool aanbied;

9.2 Die skool is 'n laerskool;

9.3 'n Leerder sal nie toelating tot die skool of enige deel van die algehele skoolprogram geweier word nie —

- a) op grond van onbillike diskriminasie, insluitend op grond van ras, etniese- of sosiale herkoms, geslag, ouderdom, gestremdheid, seksuele oriëntasie, geloof, kultuur, en taal.
- b) as die leerder se ouer —
  - i. nie in staat is om die skoolgelde, te betaal wat deur die Beheerliggaam bepaal is, of dit nog nie betaal het nie;
  - ii. nie die missieverklaring van die skool onderskryf nie; of
  - iii. weier om 'n kontrak aan te gaan waarvolgens ouers afstand doen van enige eise vir skade voortspruitend uit die onderrig van die leerder;
- c) as die leerder nie in staat is om die skool van die vereiste dokumentasie te voorsien, soos gedefinieer in artikel van die Skolewet nie. Die skoolhoof sal ingevolge die bepalings van artikel 5(1B) van die Skolewet ouers adviseer om die vereiste dokumente te verkry en te verskaf.

9.4 Die skool is 'n skoolgeld-betalende skool. Ouers wat nie die skoolfooie kan betaal nie, mag om kwytskelding daarvan aansoek doen, ooreenkomstig die vereistes artikel 39(4) van die Skolewet saamgelees met die Regulasies vir die Vrystelling van Ouers vir die Betaling van Skoolgelde, 2005.

9.5 Die Beheerliggaam van die skool mag geen toets afneem wat met die toelating van ’n leerder tot die skool verband hou nie, en mag ook nie die skoolhoof of enige ander persoon magtig om sulke toetse af te neem nie.

9.6 Die skool as laerskool bied onderrig aan vanaf Gr.R en sy kapasiteit om leerders toe te laat insluitende Graad R word dienooreenkomstig bepaal.

9.7 Ingevolge klousules V B(2) en B(3) van die Nasionale Norme en Standaarde vir Taalbeleid moet ’n leerder by aansoek om toelating ’n keuse uitoefen met betrekking tot die keuse van die taal van onderrig. Slegs waar die skool die taal van leer -en -onderrig aanbied wat gekies is deur die leerder en waar daar plek is in die betrokke graad, is die skool verplig om die leerder toe laat tot die skool. Dit volg dus dat waar die skool nie taal van leer -en -onderrig aanbied wat gekies is deur die leerder nie en indien daar nie plek is in die betrokke graad nie, die skool nie verplig is om die leerder tot die skool toe te laat nie.

9.8 Inaggenome artikel 29(2) van die Grondwet, 1996 en ingevolge die skool se taalbeleid soos bepaal deur die Beheerliggaam ingevolge artikel 6(2) van die Skolewet is die taal van onderrig van die skool, enkel -medium Afrikaans.

## 10. ADMINISTRASIE PROSES VAN TOELATINGS

10.1 Die HOD maak jaarliks die Aansoektydperk bekend waarbinne ouers kan aansoek doen vir toelating van leerders tot intree grade (Graad R, Graad 1 en Graad 8) [*“entry grade learners”*] Die HOD maak ook jaarliks die Toelatingstydperk bekend waarbinne aansoeke vir toelating oorweeg en gefinaliseer word en ouers in kennis gestel word.

10.2 Sodra die Aansoektydperk en die Toelatingstydperk aangekondig is, sal die skool toesien dat dit op die skool se kommunikasie mediums gekommunikeer word soos onder andere op die skool se webwerf en sosiale media platforms asook by wyse van kennisgewing by die skool se ontvangs kantoor.

10.3 Aansoeke geskied dan volgens die GDO se aanlyn aansoekproses op die webtuiste van die GDO en ooreenkomstig Regulasie van 5 van die Gautengse Toelatingsregulasies.

10.4 Leerders wat reeds ingeskryf is by die skool is outomaties geregtig tot herinskrywing vir die volgende jaar.

10.5 Ouers is geregtig om navraag by die skool te doen oor enige aspekte van die toelatingsproses.

10.6 Na indiening van ’n voltooide aansoek om toelating sal die HOD die volgende doen ingevolge Regulasie 5(3) van die Gautengse Toelatingsregulasies:

(a) Die leerder op ’n waglys plaas;

(b) Die lys aan die skool voorsien;

(c) Die aansoeker skriftelik in kennis stel van die waglys waarop die leerder geallokeer is.

10.7 Ingevolge Regulasie 5(4) moet die HOD binne 21 dae na die aansoek periode suksesvolle en onsuksesvolle applikante identifiseer en:

(a) Alle aansoekers in kennis stel of hulle aansoeke aanvaar is;

(b) Suksesvolle aansoekers inlig dat hulle hulle aanvaarding van ’n plek tot die skool moet bevestig binne 7 dae skooldae nadat hulle so in kennis gestel is;

(c) Onsuksesvolle aansoekers binne 14 dae van skriftelike redes voorsien waarom hulle aansoek tot die skool onsuksesvol was;

(d) Onsuksesvolle aansoekers inlig van hulle reg om appèl aan te teken.

10.8 Die vereiste dokumente wat ouers by die skool moet indien binne 7 skooldae nadat aansoek gedoen is om toelating tot die skool, is ingevolge artikel 1 van die Skolewet saamgelees met Regulasie 6 van die Gautengse Toelatingsregulasies, is die volgende:

10.8.1 Waar een of beide biologiese of aanneem ouers van ’n leerder Suid – Afrikaanse burgers is, gesertifiseerde afskrifte van die volgende dokumente:

(a) Die onverkorte geboortesertifikaat van die leerder;

(b) Suid -Afrikaanse identiteitsdokument of kaart van die leerder se ouers;

(c) Waar een of albei ouers oorlede is, die betrokke sterftesertifikaat van die ouer(s).

10.8.2 Waar beide ouers van die leerder van buitelandse nasionaliteit is en die houers is van permanente verblyfpermitte of tydelike verblyf visums , die volgende dokumente:

(a) die leerder se buitelandse geboortesertifikaat;
(b) die leerder se paspoort;
(c) die studie visum of permanente verblyfpermit van die leerder;
(d) die ouers se paspoorte; en
(e) die ouers se tydelike verblyf visums of permanente verblyf permitte.

10.8.3 Waar leerders onder alternatiewe sorg verkeer, die volgende dokumente:

(a) Die betrokke hofbevel wat voogdyskap of toesig verleen;
(b) Die leerder se onverkorte geboorte sertifikaat.

10.9 Die volgende bewyse van immunisasie van die leerder wat aansoek doen om toelating vir Graad R of aansoek doen om ingeskryf te word tot die skool vir Graad 1 tot 7 moet na aansoek en voor toelating tot die skool by die skool ingedien word:

(a) Polio;
(b) Masels;
(c) Tuberkulose;
(d) Diphtheria;
(e) Tetanus;
(f) Hepatitis B.

10.10 Aansoeke van ingraadse leerders:

Ouers wat vir die eerste keer by hierdie skool aansoek doen om toelating vir ingraadse leerders (Graad 1 tot 7): – [1]

(a) word deur die skool van 'n aansoekvorm voorsien wat volledig ingevul en binne die gestipuleerde tydraamwerk aan die skool teruggestuur moet word en

[1] Indien die skool Graad R aanbied dan sal graad 1 tot 7 van toepassing wees. Indien die skool slegs Graad 1 as intree graad het dan sal Graad 2 tot 7 van toepassing wees.

(b) moet die volgende ondersteunende dokumentasie vir toelating tot die skool indien:

(aa) ’n gewaarmerkte afskrif van die leerder se geboortesertifikaat;

(bb) gewaarmerkte afskrifte van die ouers se identiteitdokumente of tydelike identiteitdokumente, indien hulle nie oor identiteitdokumente beskik nie;

(cc) bewys van die ouers se woon- en werksadresse; en

(dd) in die geval van ’n sibbe by die skool, bewys van dié verwantskap.

10.11 Oorplasings

In gevalle waar die leerder van ’n ander skool na die skool oorgeplaas word, of aansoek doen vir toelating tot ’n graad anders graad R of 1, bykomend tot 10.7(b) hierbo, moet die ouer die volgende dokumente van die vorige skool indien:

(a) ’n oorplasingskaart; en

(b) die leerder se laaste rapport.

10.12 Leerders wat reeds by die skool ingeskryf is:

Die skool administreer herinskrywings jaarliks tydens die herinskrywingstydperk. Ouers sal deur die kommunikasieplatforms van die skool oor hierdie tydperk ingelig word. Leerders wat reeds by die skool ingeskryf is, moet ’n voorgeskrewe aansoekvorm vir herregistrasie invul maar hoef nie weer aansoek om toelating tot die skool te doen nie.

10.13 ’n Ouer wat sy/haar kind vanuit ’n tuisskoolprogram tot die skool wil toelaat, moet die volgende dokumente indien wanneer daar by die skool aansoek gedoen word:

(a) ’n brief van onttrekking/ kansellasie van tuisonderrig wat deur die HOD onderteken is;

(b) die registrasiesertifikaat van die leerder vir tuisskool onderrig;

(c) die leerder se portefeulje met bewyse vir die laaste drie (3) jaar en grade voltooi;

(d) gewaarmerkte afskrifte van die jaarlikse beoordelingsverslae van die toepaslike grade vandat die leerder as ’n tuisgeskoolde leerder

geregistreer het tot die laaste graad wat die leerder voltooi het, insluitend eksterne beoordelingsverslae wat deur bevoegde assessors voltooi is.

10.14 Met die administrasie van toelatings sal die hoof met die volgende gemoeid wees:

a) herregistreer ingeskrewe leerders wat tans by die skool skoolgaan;
b) reik uit en ontvang skriftelike aansoekvorms van ouers van leerders van graad 2 tot 7;
c) oorweeg en administreer nuwe aansoeke om toelating vir Graad R[2] in oorleg met die HOD of sy/haar gedelegeerde distriksamptenare;
d) reik oorplasingskaarte vir oorplasing na ander skole uit;
e) lig ouers van onsuksesvolle kandidate namens die HOD in en verskaf die redes vir onsuksesvolle toelating asook die reg om appèl aan te teken na die LUR binne 14 dae nadat kennis gegee is van die weiering van toelating.
f) lig suksesvolle kandidate ná toelating in van skoolfooie en verbandhoudende prosesse;
g) hou ’n lys van aansoeke om toelating en ’n register van toelatings tot die skool by.

## 11. Beoordeling van aansoeke volgens voorkeurorde

’n Aansoeker vir intreegraad toelating (Graad R of Graad 1) tot die skool kwalifiseer vir toelating in die volgende voorkeurorde ingevolge Regulasie 7 van die Gautengse Toelatings Regulasies indien:

(a) die leerder se woonadres die naaste is aan die skool binne die voedersone.
(b) die leerder wat aansoek doen ’n sibbe het wat reeds by die skool ingeskryf is;
(c) die werkplek van ten minste een van die leerder se ouers binne die skool se voedersone val;
(d) die leerder se woonplek binne ’n 30 km radius van die skool is;
(e) die leerder wie se woonplek buite ’n 30 km radius van die skool val.

[2] Indien Graad R aangebied word.

**12. Voedersone van die Skool**

Die voedersone van die skool wat in ag geneem word by die toelating van leerders tot die skool en welke voedersone deur die HOD bepaal is na oorlegpleging met die Beheerliggaam word aangedui op die kaart aangeheg hiertoe aan **Aanhangsel "A"**

**13. Leerders wat herhaal**

In beginsel behoort leerders in pas met hul ouderdomsgroep te ontwikkel. Die norm vir terughouding is een jaar per skoolfase. 'n Leerder wat in terme van hierdie beleid 'n jaar of meer by die skool moes herhaal, word vrygestel van die graadouderdom norm. In gevalle waar die leerder drie jaar ouer as die graadouderdom norm is, sal die hoof, in oorleg met die HOD, bepaal of die leerder tot daardie graad toegelaat sal word.

**14. Ongedokumenteerde leerders**

a) In die geval van 'n ouer wat nie die voorgeskrewe dokumente kan voorsien nie bepaal Regulasie 6(3) van die Gautengse Toelatingsregulasies soos volg:

1) Die leerder se aansoek word voorwaardelik aanvaar op voorwaarde dat die ouer binne twee (2) weke bewys lewer aan die skool dat hy/sy aansoek gedoen het vir nodige dokumentasie;
2) Die hoof sal die ouer in kennis stel waar die nodige dokumentasie verkry kan word, asook dat die ouer verplig is om die skool binne 2 weke van bewys te voorsien dat hy/sy aansoek gedoen het vir nodige dokumentasie;

b) Ingevolge Regulasie 6(4) verval 'n aansoek wat voorlopig aanvaar is indien-

1) Die ouer versuim om binne twee (2) weke bewys te lewer dat aansoek gedoen is vir die nodige dokumentasie;

2) 2) Die nodige dokumentasie nie ingedien word binne ses (6) weke nadat bewys gelewer is dat aansoek gedoen is vir die nodige dokumentasie nie, met dien verstande dat die Distrik Direkteur die periode kan verleng, indien goeie rede aangevoer word deur die ouer.

c) Die skool sal enige ongedokumenteerde leerders jaarliks aan die GDO deurgee deur:

1) ’n lys van ongedokumenteerde leerders via die kantoor van die Distrik Direkteur by die provinsiale Distrik Direkteur verantwoordelik vir toelatings in te dien; en

2) ’n datastel van ongedokumenteerde leerders by te hou.

**15. Kapasiteit van die skool**

a) Ingevolge die hofbevel van die Gauteng Afdeling, Pretoria van die Hooggeregshof van Suid -Afrika in saaknommer 2020 -0573566 in die saak van *SAOU v Minister van Basiese Onderwys en Andere* van 10 Oktober 2023, welke hofbevel vir doeleindes van kapasiteitbepaling van krag is hangende die finalisering van die regulasies vir die minimum norme en standaarde vir die bepaling van kapasiteit van openbare skole deur die Minister van Basiese Onderwys, bepaal dat die Ministeriële Riglyne ingevolge Omsendbrief 02/2023 intussen van krag sal wees.

b) Die beheerliggaam het die Riglyne genoem in sub-paragraaf (a) hierbo in ag geneem, wat spesifiek die volgende faktore insluit:

(i) Die kurrikulum en vakaanbiedings asook buite-kurrikulêre keuses wat aangebied word vir leerders;

(ii) Die aantal opvoeders en ander personeel wat deur die Provinsiale Onderwysdepartement aan die skool toegedeel is;

(iii) Die handhawing en verbetering van gehalte akademiese onderrig van leerders by die skool;

(iv) Die beste belange van leerders om gehalte onderwys aan die skool te ontvang;

(v) Die bestuurbaarheid van die kurrikulum ingenome die taal van onderrig medium by die skool;

(vi) Oorweging van die skool se bestaande infrastruktuur wat insluit klaskamers, ruimtes vir administratiewe doeleindes en onderwys ondersteuning areas;

(vii) Die impak wat addisionele leerders mag hê indien hulle toegelaat sou word ten einde alle leerders grondwetlike reg tot kwaliteit basiese onderwys te beskerm;

(viii) Ruimtes vir sport, kultuur en ontspanningsaktiwiteite;

(ix) Ruimtes vir administrasie en opvoedingsondersteuning;

(x) Die allokering van klaskamers vir spesifieke grade en spesifieke vakke en effektiewe benutting van sodanige klaskamers;

(xi) Nasionale gesondheid -en veiligheidstandaarde soos voorgeskryf deur die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, No 85 van 1993;

(xii) Beskikbare ablusie geriewe;

(xiii) Die grootte, aantal en toestand van klaskamers, laboratoriums en ander ruimtes wat gebruik word vir onderrig in die skool en die beperkte finansiële vermoë om bestaande fasiliteite in stand te hou of te kan uitbrei.

(xiv) Om vir elke leerder in die skool 'n ideale leeromgewing vir optimale leer, kwaliteit onderwys en opvoeding te kan skep;

(xv) Die vermyding van oorvol klaskamers, oorvol grade en oorbevolking ("overcrowding) van die skool.

c) Die beheerliggaam het die skool se maksimum vermoë en kapasiteit vir leerdertoelatings vasgestel, inaggenome alle relevante faktore en omstandighede

van die skool, welke vasstelling saamgelees moet word met die skedule hierby aangeheg as **Aanhangsel "B":**

- Totale getal leerders in die skool: 883
- Leerders vir intree toelating – Graad R: 125
- Leerders vir Graad 1: 125


## 16. REG VAN APPÉL:

Ingevolge artikel 5(9) van die Skolewet het enige leerder of ouer van enige leerder wat toelating tot 'n openbare skool geweier is, die reg om teen die besluit te appelleer na die provinsiale LUR vir Onderwys binne 14 dae nadat kennisgewing ontvang is van die weiering om die leerder tot die openbare skool toe te laat.

## 17. GOEDKEURING VAN DIE BELEID:

| | |
|---|---|
| **MNR. S.G. GOUWS** | **MEV. O.W. KLOPPER** |
| **BEHEERLIGGAAM VOORSITTER** | **HOOF** |
| **DATUM: Mei 2026** | |

**AANHANGSEL "A"**



**AANHANGSEL "B"**

# Kapasiteitbepaling

Aanhangsel tot die toelatingsbeleid, vir inagneming met toelating van leerders tot
Laerskool Anton van Wouw

## A. INLEIDING:

1. Hierdie kapasiteitbepaling sal vanaf datum van ondertekening hiervan as deel van die skool se toelatingsbeleid van krag wees, en in ag geneem word vir die toelating van leerders tot die skool. Sodra die maksimum kapasiteit, soos in die verslag bepaal, bereik word, behou die skool die reg voor om geen verdere leerders toe te laat nie en die skool as vol te ag.

2. Die Beheerliggaam (SBL) van Laerskool Anton van Wouw het die skool se kapasiteit as aanhangsel tot die skool se toelatingsbeleid bepaal, met inagneming van al die faktore soos uiteengesit in die Ministeriële Omsendbrief (02 van 2023) welke omsendbrief deel vorm van die hofbevel van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Gauteng Afdeling (saaknommer 2020-0573566) in die saak van *SAOU v Minister van Basiese Onderwys en andere* van 10 Oktober 2023, welke hofbevel vir doeleindes van kapasiteitbepaling van krag is, hangende finalisering van die regulasies vir minimum norme en standaarde vir die bepaling van kapasiteit van openbare skole deur die Minister van Basiese Onderwys ingevolge Artikel 5A(1)(b) gelees met Artikel 5A(2)(b) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 (soos gewysig in 2024) ("die Skolewet).

3. Artikel 5(5) van die Skolewet verleen aan die SBL die bevoegdheid om, onderhewig aan die Skolewet en toepaslike provinsiale wetgewing, die toelatingsbeleid van hierdie skool te bepaal in lyn met die Grondwet  en wat die bepaling van kapasiteit insluit. In die verband word die Ministeriële Riglyne vir die implementering van die 2024 wysigings aan die Skolewet ook in ag geneem.

4. Hierdie kapasiteitsbepaling sal hersien word indien:

   4.1 Die ministeriële regulasies vir toelating van leerders asook die ministeriële regulasies vir norme en standaarde vir kapasiteitsbepaling gefinaliseer is.

4.2 Omstandighede ten opsigte van infrastruktuur en beskikbare ruimtes vir onderrig en leer in die skool wesenlik sou verander.

## B. OPSOMMENDE MAKSIMUM KAPASITEIT:

Die SBL het die skool se maksimum kapasiteit vir leerdertoelating as volg vasgestel inaggenome al die faktore hierin uiteengesit:

| Beskrywing | Aantal |
|---|---|
| **Maksimum aantal leerders in die skool** | 883 |
| **Gemiddelde aantal leerders per klas** | 22-25 |
| **Gemiddelde aantal leerders per graad** | 125 |
| **Aantal leerders vir Graad R**[3] ***(indien van toepassing)*** | 125 |
| **Aantal leerders vir Graad 1** | 125 |

## C. FAKTORE BY BEPALING VAN KAPASITEIT:

Die volgende faktore is in die bepaling van die skool se kapasiteit oorweeg voortspruitend uit die hofbevel van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Gauteng Afdeling (saaknommer 2020-0573566) in die saak van *SAOU v Minister van Basiese Onderwys en andere* van 10 Oktober 2023:

1. Die kurrikulum, vakaanbiedings asook buitekurrikulêre keuses van leerders van die skool.

2. Die handhawing en verbetering van die gehalte van skool se akademiese prestasie.

3. Die bestuur van die kurrikulum aanbieding met inagneming van die taal van leer en onderrig van die skool.’

4. Ander kurrikulum en buitekurrikulêre keuses wat aangebied word by die skool.

[3] Waar van toepassing.

5. Die impak wat addisionele leerders se toelating mag hê op alle leerders se reg op gehalte onderwys (om vir elke leerder in die skool 'n optimale leeromgewing vir maksimum leer te skep).

6. Die grootte en toestand van klaskamers, laboratoriums en ander ruimtes wat gebruik word vir onderrig en die finansiële vermoë om bestaande fasiliteite in stand te hou of te kan uitbrei.

7. Die allokering van klaskamers vir spesifieke grade en spesifieke vakke.

8. Nasionale gesondheid- en veiligheidstandaarde ingevolge die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid, 1993.

9. Voldoende ablusie en sanitasie geriewe vir personeel en leerders, soos deur bouregulasies voorgeskryf.

10. Die benutting van beskikbare klaskamers.

11. Posvoorsiening van personeel en die werkslading van opvoeders.

12. Ruimte vir die administratiewe behoeftes en onderwys ondersteunings areas.

13. Aantal geskikte klaskamers (media- en rekenaarsentrums, wetenskap- en tegnologie laboratoriums, die skoolsaal, rekenaarsentrums, stoorruimtes uitgesluit).

14. Fisiese grootte van klaskamers.

15. Ruimte benodig vir sport-, kulturele- en ontspanningsaktiwiteite.

16. Ontleding van elke skool se huidige ruimte om meer leerders te akkommodeer.

17. Leerders se beste belange om gehalte onderwys te ontvang.

18. Voorkoming van oorvol klasse.

## D. LEERDERTAL – ALGEMEEN

1. By die kapasiteitsbepaling van die skool is ook in ag geneem dat die skool 'n laerskool is, as sulks ontwerp is in terme van fisiese beplanning, ruimtes en infrastruktuur en eiesoortige behoeftes het wat eie aan die leer en onderrig van jonger kinders is om hulle beste belange ingevolge die Grondwet van die RSA te dien en te bevorder.

2. Verder moet die beheerliggaam by kapasiteitsbepaling veral die handhawing en bevordering van kwaliteit onderrig en leer in ag neem wat ŉ uitwerking het op die optimale leerder/onderwyser getalle verhouding in klaskamers.

3. Die leerder/onderwyser getalle verhouding vir die intreevlak Graaf R[4] se vereistes vir optimale leer en onderrig verskil van die verhouding in verdere Grade.

4. Die aantal leerders word bepaal vir die intreevlak Graad R wat die skool kan akkommodeer, met in agneming dat gehalte onderwys en huidige vakaanbod vir intreevlak leerders en vir die volle tydperk van hul laerskool loopbaan, tot en met voltooiing van graad 7, voorsien kan word .

## E. BELANGRIKE REGSBRONNE EN VERWYSINGS IN AG GENEEM:

1. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996;
2. Die Suid-Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 soos gewysig in 2024.
3. Provinsiale wetgewing en regulasies.
4. *Guidelines for purposes of implementing certain of the 2024 amendments to the South African Schools Act, 1996 (Act no. 84 of 1996)*
5. *Regulations Relating to Minimum Uniform Norms and Standards for Public School Infrastructure, 2024; (Staatskoerant, 27 Junie 2024 No. 50876)*
6. Die Wet op Beroepsveiligheid en -gesondheid, Nr. 85 van 1993
7. Nasionale Bouregulasies SANS 10400
8. Standaarde soos na verwys in die norme en standaarde vir infrastruktuur van openbare skole
9. Hofbevel: *SAOU v Minister van Basiese Onderwys en andere* (Saaknommer 2020-0573566, 10 Oktober 2023), Hooggeregshof van Suid-Afrika, Gauteng
10. FEDSAS 2015, Toegangsbeleid met kapasiteitbepaling.

[4] Skrap Graad R indien die skool nie Graad R aanbied nie.

## F. RUIMTES EN LEERDERS PER KLAS:

1. Een van die faktore genoem in paragraaf C hierbo, wat die beheerliggaam in ag geneem het by die bepaling van die kapasiteit van die skool is die ontleding van fisiese beskikbare ruimtes en klaskamers.

2. Die skool beskik oor die volgende aantal permanente klaskamers per graad toedeling met oppervlaktes aangedui: [5]

| | **KAPASITEITSBEPALING** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Klasno.** | **Klasgrootte** | **Tafels** | **Ow-Tafel** | **Meubels** | **Opvoeder** | **Leerder** | **Gemid.** | **TOTAAL** |
| 1 | 48,91$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 4,85$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 30.34 | 30.34444 |
| 2 | 48,91$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 4,96$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 31.33 | 31.33333 |
| 3 | 46,23$m^2$ | 14$m^2$ | 1,5$m^2$ | 5,91$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 28.55 | 25.07778 |
| 4 | 51,75$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 5,05$m^2$ | 2,5$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 34.38 | 34.11111 |
| 5 | 42,6$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 8,92$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | **19.92** | 19.92222 |
| 6 | 66,6$m^2$ | 14$m^2$ | 1,5$m^2$ | 8,92$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 44.36 | 44.36667 |
| 7 | 58,46$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 8,92$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 37.54 | 37.54444 |
| 8 | 58,46$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 8,92$m^2$ | 2,5$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 37.54 | 36.15556 |
| 9 | 66,12$m^2$ | 15$m^2$ | 1,5$m^2$ | 7,92$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 43.83 | 43.83333 |
| 10 | 66,12$m^2$ | 16$m^2$ | 1,5$m^2$ | 7,92$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 42.72 | 42.72222 |
| 11 | 43,8$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 7,92$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 22.36 | 22.36667 |
| 12 | 43,8$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 3,89$m^2$ | 2,5$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 25.73 | 26.56667 |
| 13 | 43,8$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 5,66$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 23.76 | 23.76667 |
| 14 | 43,8$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 4,12$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 26.58 | 26.58889 |
| 15 | 34,8$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,8$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 18.05 | 18.05556 |
| 16 | 54,02$m^2$ | 14$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,5$m^2$ | 2,5$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 35.3 | 37.24444 |
| 17 | **Rekenaarsentrum** | | | | | | | |
| 18 | 36$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,25$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 20 | 20 |
| 19 | **Mediasentrum** | | | | | | | |
| 20 | 40.2$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,5$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 23.2 | 23.27778 |
| 21 | 47.362 | 15$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,5$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 29.01 | 29.01333 |
| 22 | 47,36$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 3,32$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 30.03 | 30.32222 |
| 23 | 47,36$m^2$ | 15$m^2$ | 1,5$m^2$ | 3,32$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 28.01 | 28.1 |
| 24 | 47,36$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 3,32$m^2$ | 2,5$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 31.43 | 31.15556 |
| 25 | 55,5$m^2$ | 14$m^2$ | 1,5$m^2$ | 3,32$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 38.25 | 38.25556 |
| 26 | **Wetenska** | **lab** | | | | | | |

[5] Indien die klaskamer groottes wesenlik van klaskamer tot klaskamer verskil kan 'n afsonderlike tabel opgestel word.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 27 | 44,89$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 3,32$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 27.57 | 27.57778 |
| 28 | 43,52$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 9,15$m^2$ | 2,5$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 20.6 | 20.41111 |
| 29 | **KUNSK** | **KLAS** | | | | | | |
| 30 | 51$m^2$ | 15$m^2$ | 1,5$m^2$ | 8,4$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 26.5 | 26.5 |
| 31 | 40,12$m^2$ | 15$m^2$ | 1,5$m^2$ | 8,25$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | **11** | 14.57778 |
| 32 | 50,32$m^2$ | 20$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,6$m^2$ | 2,5$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 24.4 | 26.35556 |
| 33 | 50,32$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,6$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 34.4 | 34.41111 |
| 34 | 50,32$m^2$ | 17$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,06$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 29.9 | 30.56667 |
| 35 | 50,32$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 3,65$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 33.2 | 33.24444 |
| 36 | 43,46$m^2$ | 15$m^2$ | 1,5$m^2$ | 4,6$m^2$ | 2,5$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 22.3 | 22.06667 |
| 37 | 51,11$m^2$ | 15$m^2$ | 1,5$m^2$ | 4,6$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 30.8 | 30.84444 |
| 38 | 46,9$m^2$ | 12$m^2$ | 1,5$m^2$ | 4,5$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 29.6 | 29.61111 |
| 39 | 48,3$m^2$ | 20$m^2$ | 1,5$m^2$ | 4,5$m^2$ | 2,5$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 22.27 | 22 |
| 40 | 51,1$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 7,52$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 29.81 | 29.81111 |
| 41 | 47,8$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,5$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 31.72 | 31.72222 |
| 42 | 47,8$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,5$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 31.72 | 31.72222 |
| 43 | 47,8$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,5$m^2$ | 2,5$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 31.72 | 31.44444 |
| 44 | 47,8$m^2$ | 13$m^2$ | 1,5$m^2$ | 2,5$m^2$ | 2,25$m^2$ | ÷ 0,9$m^2$ | 31.72 | 31.72222 |
| **TOTAAL** | | | | | | | **1117.91** | |

**GEMIDDELD PER KLAS** **29.4187**

3. Ten einde vir voldoende ruimtes vir leerders en onderwysers per klaskamer grootte (oppervlakte) voorsiening te maak en oorbevolkte klaskamers te voorkom is die volgende in ag geneem:

**3.1 Graad R:**

3.1.1 Gemiddelde onderwyser ruimte ingeslote lessenaar en beweegruimte: = 7$m^2$ [6] wat afgetrek word van die gemiddelde oppervlakgrootte van die klaskamers.

3.1.2 Gemiddelde leerder ruimte uitgeslote tafels, stoele, tasse en beweegruimte in gange: = 1.6[$m^2$]. [7]

3.1.3 Met inagneming van 3.1.1 en 3.1.2 se ruimtes word die maksimum aantal leerders per klaskamers bepaal.

**3.2 Graad 1 - 7:**

[6] Minimum ideale ruimte = 7$m^2$
[7] Die minimum ideale ruimte = 1,6$m^2$

3.2.1 Gemiddelde onderwyser ruimte ingeslote lessenaar en beweegruimte: = 7m2 wat afgetrek word van die gemiddelde oppervlakgrootte van die klaskamers.[8]

3.2.2 Gemiddelde leerder ruimte uitgeslote tafels, stoele, tasse en beweegruimte in gange: =1[m2].[9]

3.2.3 Met inagneming van 3.2.1 en 3.2.2 se ruimtes word die maksimum aantal leerders per klaskamers bepaal.

4. Verder word in ag geneem voldoende ruimte per klaskamers vir leerders en onderswysers om in gange tussen tafels en stoele te kan deurbeweeg welke ruimtes ook belangrik is indien klasse ingeval van ’n noodsituasie ontruim moet word.

## G. RUIMTES EN FASILITEITE WAT NIE KLASKAMERS IS NIE:

- Laboratoriums
- Administrasiekantore en onderrig ondersteunings ruimtes asook personeelkamer,
- Kantore van senior bestuur.
- Rekenaarsentrums en/of Robotikasentrums (Vereiste vir robotika as verpligte vak).
- Terapeutesentrum (vereiste vir inklusiewe onderwys)
- Kunsklasse/ musieksentrum
- Dupliseringslokaal
- Siekekamers
- Mediasentrum/ Biblioteek
- Skoolsaal
- Vergaderlokale
- Stoorkamers
- Loopgange.

[8] Minimum ideale ruimte = 7m$^2$
[9] Die minimum ideale ruimte = 1,0m$^2$

- Kafeteria/restaurant
- Gimnasium/sportsaal

**H. ABLUSIE GERIEWE:**

1. Die afsonderlike beskikbare kleedkamers vir seuns en dogters (Graad 3 tot 7) en ook vir grondslagfase (Graad R tot Graad 2) is in ag geneem by die totale aantal leerders wat die skool kan akkommodeer.

2. Die getalleverhouding van beskikbare vereistes is bepaal volgens die SANS 10400 standaarde.

**I. ANDER OORWEGINGS BY KAPASITEIT VASSTELLING:**

- Watervoorsieningsbron en -kapasiteit, aansluiting beperkings en boorgate
- Elektrisiteitsuitbreiding: transformators / dikker kabels om uit te brei
- Kapasiteit van rioleringstelsel/ rioolaansluitings moontlikhede en koste
- Vereiste ontruimingstyd ingeval van uitvoering van noodplan.
- Breedte van gange en trappe wat genoegsaam moet wees vir beweging en in verhouding tot getalle. Gange moet genoeg ruimte bied in geval vir spoedige ontruiming in 'n noodsituasie nodig is.
- Verkeersvloei om die skool en toegangsroetes vir veilige dag tot dag verkeer, op- en aflaai van leerders.
- Beskikbare paaie en toegangsroetes om ontruiming/ toegang van noodvoertuie tydens noodgeval te verseker.